

Oor die ALPE vir 'n legende!

Terwyl die res van ons in die middel van 'n Suid-Afrikaanse winter sukkel was **Erik Kleinhans** in die Alpe, om sy fiets te ry en sy vriende en spanmaats te ondersteun in 'n belangrik wedren.

Vir die meeste van ons se spyt, het die tyd aangebreek vir Christoph Sauser se laaste wedren as 'n professionele bergfietsryer. Daar was geen kans dat ek die skouspel mis nie en om bietjie meer waarde daaraan te heg, het dit net eenvoudig na die logiese stap geklink om op die fiets te spring in Bern en die 600km aan te pak tot in Wolkenstein, Val Gardena, Italië vir die Marathon-wêreldkampioenskappe.

Oor die laaste vyf jaar het hierdie viermalige wêreldkampioen vir my laat bloed sweet! Meestal in die maande wat gelei het na die Cape Epic gedurende ons daaglikse oefensessies, maar ook in Switserland in ons menigte berg-uitstappies. Sy vriendskap en leiding in my fietsryloopbaan het nie 'n prys nie, iets waarvoor ek oneindig dankbaar sal wees. Hy kon my nog net nie oortuig om weg te bly van daai ekstra skeppie aandete nie!

Ek het my ekskursie afgeskop in die Switserse hoofstad, met die Susten-pas my grootste hindernis op dag een met 1500-meter se klim vir die outjie alleen. Dag twee was seker die eenvoudigste, behalwe ysige koue en sneeu op die Oberalppas wat my lewe bietjie verontrief het. Die Julier-, Bernina- en Livigno-passe het my goed besig gehou gedurende dag drie, maar die vriendelike gesigte van RECM spanmaat James Reid en Belgier Jens Schuermans het my aan die einde van die dag verwelkom.

Die lewe was veels te lekker in

"Hy kon my nog net nie oortuig om weg te bly van daai ekstra skeppie aandete nie!"



PHOTOS BY ERIK KLEINHANS

James Reid mik sy wille afdraand in die Livigno-vallei.



Jens Schuermans, Erik en James bo op Passo Dello Stelvio.

Livigno en ek het besluit om vir twee dae bietjie rond te rits op al die lekker enkelspoorpaadjies saam met twee XCO-spesialiste wat daar vertoef vir oefening. Wat 'n fees! Die tyd het wel aangebreek om aan te beweeg, maar nie sonder 'n laaste ekspedisie nie saam met James en Jens op dag ses tot bo-op die Stelvio-pas om 'n droom van my te bewaarheid.

Die laaste dag tot in Val Gardena was in warm somersweer aan die suidekant van die Alpe met 'n lekker stywe klimmetjie in die vallei op tot reg voor die manjifieke Dolomitiese berge, net om seker te maak ek werk vir my aandete saam met Susi, die bergfietslegende, en sy Specialized-span.

Dis nooit te lekker op die kantlyn nie, maar mens kan nie heelyd in topvorm wees nie en hierdie wêreldkampioenskappe pas my eenvoudig nie met 4 700m se klim in 87km. Dit bied my wel die geleentheid om te skreeu vir Ariane in vierde plek vir RECM, en vir Susi, oppad na silwer; sy laaste geveg, sy swanesang, 'n eer om te beleef! 🏆

SUS die Resultate

Erik se Trans-Alpe Toer

Bern-Wassen	5h30	130km	2 300m
Wassen-Thusis	4h40	110km	1 700m
Thusis-Livigno	5h30	110km	2 800m
Livigno	3h00	60km	1 200m
Livigno	4h30	90km	2 500m
Livigno-Naturns	5h00	120km	2 100m
Naturns-Val Gardena	4h30	100km	1500m

Team RECM se Europese Resultate

XCM-wêreldkampioenskap
27 Junie 2015 - Selva Val Gardena, Italië
Ariane Kleinhans – 4de

UCI Mountain Bike World Cup XCO #3
5 Julie 2015 - Lenzerheide, Switserland
Ariane Kleinhans – 22ste
James Reid – 39ste



Scan this QR code to read the article in English on www.fullsus.co.za



RECM se **Erik Kleinhans** is een van Suid-Afrika se gewildste bergfietsjaers. Hy is nou die eienaar en kaptein van die RECM bergfiets

span, en moet net so hard werk op die span admin as op sy oefening. Volg hom op Twitter by [@erikkleinhans](https://twitter.com/erikkleinhans).